# HOOFSTUK 5

# EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE INISIëRINGSTAAK VAN DIE SKOOLHOOF TEN OPSIGTE VAN ONDERRIGONTWIKKELING

## 5.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om te bepaal wat die inisiëringstaak van die skoolhoof ten opsigte van onderrigontwikkeling binne die raamwerk van personeelontwikkeling behels en om sy verantwoordelikhede in die verband vas te stel. In die vorige hoofstukke is 'n literatuurstudie onderneem om die inisiëringstaak van die skoolhoof ten opsigte van onderrigontwikkeling in die algemeen te bepaal. Dit is egter belangrik om die onderwysers verbonde aan die skole onder die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement se houding teenoor, mening oor en behoefte aan onderrigontwikkeling asook die inisiëringsrol wat die skoolhoof te speel het, vas te stel.

### 5.1.1 Metode van ondersoek

Om die geldigheid, betroubaarheid en verantwoordbaarheid van hierdie ondersoek te verbeter, is besluit om van 'n gestruktureerde vraelys gebruik te maak. Die keuse van 'n vraelys in plaas van onderhoude is om die volgende redes gemaak:

* meer respondente kan teen dieselfde koste bereik word;

* meer data kan met behulp van 'n vraelys ingewin word:

* met behulp van 'n vraelys is die tydsduur om die gegewens te bekom baie korter as met die voer van onderhoude;

* gestandaardiseerde opdragte word maklik op die vraelys aangebring sodat elke persoon wat die vraelys voltooi, presies weet wat van hom verwag word;

* objektiewe antwoorde kan verkry word;

* data wat met behulp van die vraelys verkry is, kan met behulp van die rekenaar verwerk word.

Benewens die voorgenoemde hou die posvraelys ook die voordeel in dat dit koste- sowel as tydbesparend is. Die taak van die navorser word ook deur die posvraelys vergemaklik in die sin dat 'n magdom gegewens op 'n relatief moeitevrye wyse bekom word.

Die posvraelys het egter ook nadele, naamlik dat

* dit geen persoonlike kontak met die persone wat in die ondersoek betrek word, meebring nie,

* die vraelys so volledig moontlik opgestel moet word, en

* dit nie genoeg ruimte vir besondere insigte deur die respondente laat nie (Teichler, 1982: 112).

Die respondente wat by die vraelys betrokke is, is reeds in paragraaf 1.5.2 bespreek.

5.1.2 Vraelyste uitgestuur en terugontvang

In tabel 5.0. verskyn gegewens ten opsigte van die aantal vraelyste wat uitgestuur is, hoeveel vraelyste aan onderskeidelik Afrikaans- en Engelsmediumskole onder die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement versend is, hoeveel vraelyste terugontvang is en watter persentasie dit van die aantal versende vraelyste verteenwoordig.

Tabel 5.0. Data rakende die aantal vraelyste uitgestuur en terugontvang tydens die empiriese ondersoek

| Taalmedium van skool | Vraelyste uitgestuur | Vraelyste ontvang | Persentasies |
|---|---|---|---|
| Afrikaans | 501 | 367 | 73,25 |
| Engels | 207 | 109 | 52,65 |
| Totaal | 708 | 476 | 67,23 |

Uit tabel 5.0 blyk dit dat 501 vraelyste aan Afrikaansmedium en 207 aan Engelsmedium sekondêre skole onder die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement versend is. Die verskil tussen die aantal Afrikaanse en Engelse vraelyste wat uitgestuur is, kan toegeskryf word aan die feit dat daar meer Afrikaansmeduim as Engelsmedium sekondêre skole in Transvaal is. Van die 501 vraelyste wat aan Afrikaansmedium skole gestuur is, is 367 (73,25%) terugontvang. Daarteenoor is 109 van die 207 (52,65%) vraelyste wat aan Engelsmedium sekondêre skole uitgestuur is, terugontvang.

1)

In tabel 5.0 word na 476 vraelyste verwys, terwyl daar in die verdere tabelle net 465 vraelyste in aanmerking geneem word. Die verklaring vir die verskil is daarin geleë dat elf (11) vraelyste onbeantwoord terugontvang is en dus vir die verdere ondersoek buite rekening gelaat is. Dit bring mee dat 65,67% van die vraelyste wat uitgestuur is, vir die ondersoek in ag geneem is.

1) Dit is moontlik belangrik om daarop te wys dat die persentasies in al die tabelle tot twee desimale aangedui word. Hoewel dit waarskynlik nie standaard praktyk is nie, is dit op hierdie wyse deur die rekenaar verwerk, waarvandaan die gegewens oorgeneem is.

## 5.2 AFDELING A VAN DIE VRAELYS: BIOGRAFIESE INLIGTING

Die biografiese inligting is noodsaaklik om vas te stel wat die geslag, huistaal, ouderdom, kwalifikasies en onderwyservaring van die respondente is, watter pos hulle beklee en wat die tipe skool is waarin hulle skoolhou. Uit die inligting wat bekom word, kan bepaal word wat die houding of mening van elke groep met betrekking tot die verlangde inligting is. Daar sal telkens gestel word wat die oogmerk met elke vraag is. Daarna word die data aangebied, waarna die interpretasie van die data gedoen sal word.

### 5.2.1 Geslag van die respondente (vraag 1)

Die oogmerk met die vraag was om vas te stel wat die geslag van die respondente is. Sekere belangrike afleidings kan verder in die studie gemaak word ten opsigte van die houding van die onderskeie geslagte oor die inisiëringstaak van die skoolhoof in onderrigontwikkeling. Die resultaat van hierdie vraag word in tabel 5.1 weergegee.

Tabel 5.1 Geslag van respondente

| Geslag | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Mans | 277 | 59,57 |
| Dames | 188 | 40,43 |
| Totaal | 465 | 100 |

Uit tabel 5.1 blyk dit dat 277 van die respondente mans en 188 dames is.

5.2.2 Huistaal van die respondente (vraag 2)

Die oogmerk met hierdie vraag was om uiteindelik te bepaal of daar 'n beduidende verskil in die houding van die onderskeie taalgroepe ten opsigte van die skoolhoof se inisiëringstaak in onderrigontwikkeling bestaan. Die resultaat van hierdie vraag word in tabel 5.2 weergegee.

Tabel 5.2 Huistaal van die respondente

| Taalmedium | Mans | Persentasie | Dames | Persentasie | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | 240 | 51,61 | 139 | 29,89 | 379 | 81,51 |
| Engels | 32 | 6,88 | 38 | 8,17 | 70 | 15,05 |
| Afrikaans en Engels | 5 | 1,08 | 11 | 2,37 | 16 | 3,44 |
| Ander | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Totaal | 277 | 50,57 | 188 | 40,43 | 465 | 100 |

Uit tabel 5.2 blyk dat daar 'n hele aantal Afrikaanssprekende onderwysers aan Engelsmedium sekondêre skole verbonde is. Daar is 109 vraelyste vanaf Engelsmedium sekondêre skole ontvang en slegs 70 respondente het aangedui dat hulle Engelssprekend is. Daarteenoor gebruik 16 respondente Afrikaans en Engels as huistaal, dit wil sê, 86 van die 109 respondente gebruik Engels òf Afrikaans en Engels as huistaal. Dit bring mee dat 23%

van die respondente wat aan Engelsmedium sekondêre skole verbonde is, Afrikaanssprekend is. 'n Baie klein persentasie van die respondente, 3,44%, gebruik beide amptelike landstale as huistaal, terwyl geen ander taal as huistaal deur een van die respondente gebruik word nie. Van die respondente wat Afrikaans as huistaal gebruik, is 240 (51,63%) mans en 139 (29,89%) dames.

### 5.2.3 Ouderdom van die respondente (vraag 3)

Met hierdie vraag is beoog om vas te stel in watter ouderdomsgroep elk van die respondente val, sodat met die verdere ondersoek bepaal kan word of daar 'n beduidende verskil in die houding van die onderskeie ouderdomsgroepe is ten opsigte van die inisiëringstaak van die skoolhoof in onderrigontwikkeling. Die resultaat van die vraag word in tabel 5.3 weergegee.

Tabel 5.3 Ouderdom van die respondente

| Ouderdomsgroep | Mans | Persentasie | Dames | Persentasie | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 20-30 jaar | 32 | 6,88 | 79 | 16,99 | 111 | 23,87 |
| 31-40 jaar | 69 | 14,84 | 63 | 13,55 | 132 | 28,39 |
| 41,50 jaar | 108 | 23,23 | 42 | 9,03 | 150 | 32,26 |
| 51-60 jaar | 65 | 13,98 | 3 | 0,65 | 68 | 14,62 |
| ouer as 60 jaar | 3 | 0,65 | 1 | 0,22 | 4 | 0,86 |
| Totaal | 277 | 59,57 | 188 | 40,43 | 465 | 100 |

Uit tablel 5.3 blyk dit dat 111 (23,87%) van die respondente tussen die ouderdom 20 en 30 jaar, 132 (28,38%) tussen 31 en 40 jaar, 150 (32,25%) tussen 41 en 50 jaar, 68 (14,62%) tussen 51 en 60 jaar en 4 (0,86%) ouer as 60 jaar is. 'n Totaal van 393 (84,51%) van die respondente, 209 mans en 184 dames is jonger as 50 jaar. Van die respondente jonger as 30 jaar is 32 manlik (6,88%) en 79 vroulik (16,98%). Die groot toeloop van dames na die onderwys, of anders gestel, die min mans wat hulle tot die onderwys as beroep wend, is waarskynlik die oorsaak van die stand van sake.

### 5.2.4 Kwalifikasies van die respondente (vrae 4 en 5)

Die oogmerk met hierdie twee vrae was om vas te stel oor watter akademiese kwalifikasies die respondent beskik ten opsigte van die vak wat onderrig word, asook om te bepaal of die respondent oor enige kwalifikasie in die Opvoedkunde beskik. Uit die gegewens wat bekom is, kan moontlik 'n afleiding gemaak word oor wat die houding van die respondente met bepaalde kwalifikasies ten opsigte van die inisiëringstaak van die skoolhoof oor onderrigontwikkeling is. Die resultaat van die vrae word in tabelle 5.4 en 5.5 weergegee.

Tabel 5.4 Kwalifikasies van die respondente

| Kwalifikasies | Mans | Persentasie | Dames | Persentasie | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| D-Graad | 5 | 1,05 | 1 | 0,22 | 6 | 1,30 |
| M-Graad | 22 | 4,76 | 0 | 0 | 22 | 4,76 |
| B-(Honneurs) graad | 44 | 9,52 | 14 | 3,03 | 58 | 12,55 |
| B-Graad | 143 | 30,95 | 87 | 18,83 | 230 | 49,78 |
| Vierjarig onderwys diploma | 29 | 6,28 | 57 | 12,34 | 86 | 18,62 |
| Een of Twee jaar graad | 20 | 4,32 | 16 | 3,46 | 36 | 7,79 |
| Geen kwalifikasie | 13 | 2,82 | 11 | 2,38 | 24 | 5,20 |
| Totaal | 276 | 59,74 | 186 | 40,26 | 462 | 100 |

Uit tabel 5.4 blyk dit dat 316 (68,39%) van die respondente oor 'n graad beskik in die vak wat hulle onderrig. Slegs 24 (5,20%) beskik oor geen kwalifikasie in die vak wat onderrig word nie, wat meebring dat 438 (94,81%) van die resondente tersiêre opleiding in die vak wat onderrig word, ontvang het.

Tabel 5.5 Kwalifikasies in die Opvoedkunde van elke respondent

| Kwalifikasies | Mans | Persentasie | Dames | Persentasie | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| D. Ed | 3 | 0,65 | 1 | 0,22 | 4 | 0,87 |
| M. Ed | 17 | 3,68 | 0 | 0 | 17 | 3,68 |
| B. Ed | 75 | 16,23 | 15 | 3,25 | 90 | 19,48 |
| Geen | 181 | 39,17 | 170 | 36,80 | 351 | 75,97 |
| Totaal | 276 | 59,73 | 186 | 40,27 | 462 | 100 |

Ten opsigte van kwalifikasies in die Opvoedkunde blyk dit uit tabel 5.5 dat 351 (75,97%) van die respondente oor geen graad in die Opvoedkunde beskik nie.

Samevattend blyk dit dat die groot meerderheid onderwysers wel oor tersiêre kwalifikasies beskik in die vak wat hulle onderrig. Dit is die minderheid wat oor geen kwalifikasies in die vak wat onderrig word, beskik nie.

Drie respondente het vrae 4 en 5 nie beantwoord nie.

### 5.2.5 Onderwyservaring van die respondente (vraag 6)

Hierdie vraag is gestel om uiteindelik te bepaal wat die houding van die onderskeie onderwyservaringsgroepe teenoor die inisiëringstaak van die

skoolhoof in die onderrigontwikkeling sal wees. Die resultaat word in tabel 5.6 weergegee.

Tabel 5.6 Onderwyservaring van die respondente

| Jare onderwys-ervaring | Mans | Persentasie | Dames | Persentasie | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 0-1 jaar | 9 | 1,93 | 23 | 4,95 | 32 | 6,88 |
| 2-4 jaar | 16 | 3,44 | 45 | 9,68 | 61 | 13,12 |
| 5-10 jaar | 22 | 4,73 | 47 | 10,11 | 69 | 14,84 |
| 10-15 jaar | 34 | 7,31 | 41 | 8,82 | 75 | 16,13 |
| 15-30 jaar | 159 | 34,19 | 31 | 6,67 | 190 | 40,86 |
| meer as 30 jaar | 37 | 7,95 | 1 | 0,22 | 38 | 8,17 |
| Totaal | 277 | 59,55 | 188 | 40,45 | 465 | 100 |

Uit tabel 5.6 blyk dit dat 190 (40,86%) respondente meer as 15, maar minder as 30 jaar onderwyservaring het. Dit kan waarskynlik verklaar word as na tabel 5.7 gekyk word en die aantal hoofde en adjunk-hoofde wat die vraelyste beantwoord het, in ag geneem word. Vergelyk ook paragraaf 5.3 waar aangedui word dat 32,25% van die respondente in die ouderdomsgroep 41 tot 50 jaar val. Let ook daarop dat in die kategorie 0-1 jaar, 2-4 jaar, 5-10 jaar en 10-15 jaar onderwyservaring die persentasie damesrespondente groter as die manlike respondente is.

5.2.6 Die graad van die pos wat deur die respondente beklee word (vraag 7)

Die doel met hierdie vraag was om uiteindelik vas te stel wat hierdie onderskeie groepe se mening ten opsigte die inisiëringstaak van die skoolhoof is. Die resultate word in tabelle 5.7 en 5.8 weergegee.

Tabel 5.7 Graad van die pos wat deur respondente beklee word ten opsigte van geslag

| Graad van pos | Mans | % | Dames | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoof | 132 | 28,39 | 1 | 0,22 | 133 | 28,60 |
| Adjunk-hoof | 49 | 10,54 | 4 | 0,86 | 53 | 11,40 |
| Departements-hoof | 50 | 10,74 | 18 | 3,87 | 68 | 14,62 |
| Onderwyser | 46 | 9,89 | 165 | 35,49 | 211 | 45,38 |
| Totaal | 277 | 59,56 | 188 | 40,44 | 465 | 100 |

Uit tabel 5.7 blyk dit dat 254 (54,62%) van die respondente reeds 'n bevorderingspos beklee.

Uit tabel 5.8 blyk dit dat 379 (81,5%) van die respondente Afrikaanssprekend is en 86 (18,5%) Engelssprekendes is òf Afrikaans en Engels as huistaal gebruik.

Tabel 5.8 Graad van pos wat deur respondente beklee word ten opsigte van taal

| Graad van pos | Afrikaans sprekend | % | Engelssprekend | % | Afrikaans en Engels | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoof | 108 | 23,23 | 23 | 4,95 | 2 | 0,43 | 113 | 28,61 |
| Adjunk-hoof | 46 | 9,89 | 5 | 1,08 | 2 | 0,43 | 53 | 11,40 |
| Departementshoof | 58 | 12,47 | 9 | 1,94 | 1 | 0,22 | 68 | 14,63 |
| Onderwyser | 167 | 35,91 | 33 | 7,09 | 11 | 2,36 | 211 | 45,36 |
| Totaal | 379 | 81,5 | 70 | 15,06 | 16 | 3,44 | 465 | 100 |

### 5.2.7 Verdere studie wat deur die respondente onderneem word (vraag 8)

Die voortdurende oproep op die onderwyserpersoneel om hul kwalifikasies te verbeter, het die vraag laat ontstaan of aan die oproep gehoor gegee word. Verder kan daar uiteindelik moontlik vasgestel word of die onderwyser wat homself akademies beter bekwaam, 'n ander houding teenoor die inisiëringstaak van die skoolhoof in onderrigontwikkeling het as diegene wat nie besig is met verdere studie nie. Die resultate van die vraag word in tabel 5.9 weergegee.

Tabel 5.9 Verdere studie wat deur die respondente onderneem word

| Besig met verdere studie | Mans | Persentasie | Dames | Persentasie | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 82 | 17,67 | 44 | 9,48 | 126 | 27,15 |
| Nee | 147 | 31,68 | 92 | 19,83 | 239 | 51,51 |
| Oorweeg om in te skryf | 47 | 10,13 | 52 | 11,21 | 99 | 21,34 |
| Totaal | 276 | 59,48 | 188 | 40,52 | 464 | 100 |

Uit tabel 5.9 blyk dit dat 126 (27,15%) van die respondente tans met verdere studie besig is. Verder blyk dit dat 239 (51,51%) van die respondente nie met verdere studie besig is nie en dat 99 (21,34%) van die respondente dit oorweeg om vir verdere studie in te skryf.

Een respondent het hierdie vraag nie beantwoord nie.

5.2.8 Tipe skool waaraan die respondente verbonde is (vraag 9)

Met hierdie vraag is beoog om uiteindelik vas te stel of personeellede verbonde aan verskillende skole dieselfde houding teenoor die inisiëringstaak van die skoolhoof in onderrigontwikkeling het. Die

resultate van die vraag word in tabel 5.10 weergegee.

Tabel 5.10 Tipe skool waaraan die respondente verbonde is

| Tipe skool | Mans | Persentasie | Dames | Persentasie | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Seunskool | 19 | 4,08 | 5 | 1,08 | 24 | 5,16 |
| Meisieskool | 0 | 0,00 | 14 | 3,01 | 14 | 3,01 |
| Seun- en Meisieskool | 235 | 50,54 | 155 | 33,33 | 390 | 83,87 |
| Tegniese skool | 18 | 3,87 | 9 | 1,94 | 27 | 5,81 |
| Landbouskool | 4 | 0,86 | 4 | 0,86 | 8 | 1,72 |
| Kuns-,Musiek-Balletskool | 1 | 0,21 | 1 | 0,22 | 2 | 0,43 |
| Totaal | 277 | 59,56 | 188 | 40,44 | 465 | 100 |

Uit tabel 5.10 wil dit voorkom asof die grootste getal respondente aan seun- en meisieskole verbonde is, naamlik 390 (83,87%), waarskynlik omdat die meeste skole in Transvaal so saamgestel is.

Omdat die seun-, meisie-, landbou-, tegnies en kuns-, musiek- en balletskole afsonderlik so 'n klein persentasie van die aantal respondente verteenwoordig, is besluit om hulle gegewens nie verder in

die studie apart te behandel nie.

Samevattend kan dit gestel word dat daar deur middel van die biografiese inligting waarskynlik vasgestel kan word wat die houding van elk van die onderskeie groepe, byvoorbeeld ouderdomsgroep, geslagsgroep, onderwyskwalifikasiegroeperings en posgroepe teenoor die inisiëringstaak van die skoolhoof in onderrigontwikkeling is.

## 5.3 AFDELING B VAN DIE VRAELYS: DIE SKOOLHOOF EN ONDERRIGONTWIKKELING

### 5.3.1 Inleiding

In hoofstukke 2, 3 en 4 is 'n breedvoerige literatuurstudie gedoen om in die algemeen die taak van die skoolhoof in onderrigontwikkeling te bepaal. In Afdeling B van die vraelys word beoog om in die besonder vas te stel wat die houding van die praktiserende onderwysers aan sekondêre skole ander die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement ten opsigte van die inisiëringstaak van die skoolhoof in onderrigontwikkeling is. Daar sal op verskeie groeperings gefokus word om te bepaal of daar beduidende verskille tussen die onderskeie groepe se houding oor onderrigontwikkeling bestaan. Daar sal moontlik ook vasgestel kan word of die praktiserende onderwysers se houding oor onderrigontwikkeling ooreenstem of verskil met dit wat in die literatuurstudie oor onderrigontwikkeling bepaal is.

5.3.2 Die belangrikheid van indiensopleiding (vraag 10)

Hierdie vraag is gestel om die houding van die respondente ten opsigte van indiensopleidingskursusse in die vak wat onderrig word, te bepaal. Die resultate word in tabel 5.11 weergegee.

Tabel 5.11 Respondente se houding aangaande die belangrikheid van indiensopleiding

| | Uiters belangrik | % | Baie belangrik | % | Redelik belangrik | % | Weinig belangrik | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Manlik | 154 | 55,6 | 98 | 35,38 | 21 | 7,58 | 4 | 1,44 |
| Vroulik | 92 | 48,94 | 68 | 36,17 | 26 | 13,83 | 2 | 1,06 |
| Afrikaanssprekend | 212 | 55,94 | 126 | 33,25 | 37 | 9,76 | 4 | 1,06 |
| Engelssprekend | 25 | 35,71 | 35 | 50 | 8 | 11,43 | 2 | 2,86 |
| Afrikaans- en Engels | 9 | 56,25 | 5 | 31,25 | 2 | 12,5 | | |
| Hoof | 84 | 63,16 | 43 | 32,33 | 4 | 3,01 | 2 | 1,50 |
| Adjunkhoof | 28 | 52,83 | 19 | 35,85 | 5 | 9,43 | 1 | 1,89 |
| Departementshoof | 36 | 52,94 | 25 | 36,76 | 7 | 10,29 | | |
| Onderwyser | 98 | 46,45 | 79 | 37,44 | 31 | 14,69 | 3 | 1,42 |

In tabel 5.11 is slegs gebruik gemaak van die groeperings ten opsigte van geslag, taal en graad van pos. Uit tabel 5.11 blyk dit dat indiensopleidingsprogramme as van die uiterste belang beskou word. Met die uitsondering van die Engelssprekende respondente, beskou die meerderheid van al die ander groeperings indiensopleiding as uiters belangrik. Daar dien op gelet te word dat 412 (88,6%) van die respondente indiensopleiding as baie belangrik of as van die uiterste belang beskou. Van die 465 respondente beskou 246 (52,9%) indiensopleidingsprogramme as van die uiterste belang en 166 (35,7%) as baie belangrik. As in ag geneem word dat slegs 6 (1,29%) van die totale aantal respondente indiensopleidingsprogramme as van weinig belang beskou, kan afgelei word dat indiensopleidingsprogramme waarde vir die onderwyser het.

Die mening van die respondente, naamlik dat indiensopleidingskursusse van groot belang is, stem ooreen met dit wat uit die literatuur vasgestel is, naamlik dat personeelontwikkeling belangrik is (vergelyk paragraaf 2.3 en 2.4).

### 5.3.3 Die tipe indiensopleidingsprogram wat die respondent sou wou bywoon (vraag 11)

Hierdie vraag is gestel om te bepaal watter tipe indiensopleidingsprogram die respondent wil bywoon en of die opleiding in die vakgebied werklik voorrang by die onderwysers geniet. Die resultate van die vraag word in tabelle 5.12 tot 5.15 weergegee.

Tabel 5.12 Die tipe indiensopleidingsprogramme wat die respondent sou wou bywoon

| | Manlik | % | Vroulik | % |
|---|---|---|---|---|
| Vakgebied | 69 | 25,00 | 107 | 56,99 |
| Buite vakgebied | 3 | 1,09 | 6 | 3,19 |
| Metodiek van vak | 25 | 9,06 | 54 | 28,72 |
| Bestuursaangeleent-hede | 166 | 60,14 | 12 | 6,38 |
| Sportafrigting | 4 | 1,45 | 6 | 3,19 |
| Kommunikasie | 9 | 3,25 | 3 | 1,60 |

Uit tabel 5.12 blyk dit dat dit veral die vroulike respondente, 107 (56,99%) is wat aangedui het dat hulle in hulle vakgebied indiensopleiding wil ondergaan. Van die vroulike respondente het 54 (28,72%) aangedui dat hulle indiensopleiding in die metodiek in die vak wat hulle onderrig, sal wil deurloop. Slegs 12 (6,38%) van die vroulike respondente wil graag indiensopleiding in bestuursaangeleentheide deurloop, in vergelyking met die 166 (60,14%) manlike respondente wat genoemde opleiding sou wou ondergaan. Daar is 25 (25,00%) van die manlike respondente wat indiensopleiding in hulle vakgebied sou wil deurloop. 'n Klein aantal respondente, naamlik 9 (4,28%) het aangedui dat hulle opleiding buite hulle vakgebied wil ontvang.

Tabel 5.13 Houding van die onderskeie ouderdomsgroepe met betrekking tot indiensopleiding

| | 20-30 | % | 31-40 | % | 41-50 | % | 51-60 | % | ouer as 60 | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vakgebied | 65 | 58,56 | 56 | 42,75 | 34 | 22,67 | 18 | 26,47 | 3 | 75,00 |
| Buite vak-gebied | 4 | 3,60 | 1 | 0,76 | 4 | 2,67 | - | - | - | - |
| Metodiek van vak | 30 | 27,03 | 25 | 19,08 | 15 | 10,00 | 8 | 11,76 | 1 | 25,00 |
| Bestuurs-aangeleenthede | 6 | 5,41 | 44 | 33,59 | 93 | 62,00 | 35 | 51,47 | - | - |
| Sportaf-rigting | 5 | 4,50 | 4 | 3,05 | - | - | 1 | 1,47 | - | - |
| Kommunika-sie | 1 | 0,9 | 1 | 0,76 | 4 | 2,67 | 6 | 8,82 | - | - |

Uit tabel 5.13 blyk dit dat die meerderheid respondente in die ouderdomsgroep 20 tot 30 jaar (58,56%) en 31 tot 40 jaar (42,75%) indiensopleiding in hul vak wil ondergaan. Die meerderheid respondente in die ouderdomsgroepe 40 - 50 jaar (62,6%) en 51 - 60 jaar (51,47%) stel meer belang in bestuursaangeleenthede. 'n Relatief klein aantal respondente (22 of 4,5%) het aangedui dat hulle opleiding in sportafrigting en kommunikasie wil deurloop.

Tabel 5.14 Houding van die onderwyservaringsgroepe met betrekking tot indiensopleiding

| | 0-1 | % | 2-4 | % | 5-10 | % | 10 - 15 | % | 15 - 30 | % | oor 30 | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vakgebied | 22 | 68,75 | 35 | 57,38 | 29 | 42,03 | 34 | 45,95 | 44 | 23,16 | 12 | 31,58 |
| Buite vak | 2 | 6,25 | 1 | 1,64 | 2 | 2,90 | 1 | 1,35 | 3 | 1,58 | - | - |
| Metodiek van vak | 8 | 25,00 | 16 | 26,23 | 22 | 31,88 | 12 | 16,22 | 14 | 7,37 | 7 | 18,42 |
| Bestuur | - | - | 3 | 4,92 | 14 | 20,29 | 23 | 31,08 | 123 | 64,74 | 15 | 39,47 |
| Sport | - | - | 5 | 8,20 | 2 | 2,90 | 2 | 2,70 | 1 | 0,33 | - | - |
| Kommunikasie | - | - | 1 | 1,64 | - | - | 2 | 2,70 | 5 | 2,63 | 4 | 10,53 |

Uit tabel 5.14 blyk dit dat die minder ervare onderwyser graag verdere

opleiding in die vak wat hy onderrig, wil ontvang; vergelyk die ervaringsgroep 0-1 jaar (22 of 68,75%) 2-4 jaar (35 of 57,38%) 5-10 jaar (29 of 42,03%) en 10-15 jaar (34 of 45,95%). In die meer ervare onderwysergroep, (die met 15-30 jaar ervaring), het die meerderheid respondente aangedui dat hulle indiensopleiding in bestuursaangeleenthede wil deurloop (123 of 64,74%). 'n Aantal respondente het aangedui dat hulle indiensopleiding buite hulle vakgebied, in sportafrigting of kommunikasie wil deurloop (vergelyk tabel 5.14).

Tabel 5.15 Houding van adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers teenoor indiensopleiding op verskillende terreine

| | Adjunk-hoof | % | Departe-ments-hoof | % | Onder-wyser | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vakgebied | 11 | 20,75 | 28 | 41,79 | 123 | 58,29 |
| Buite vak gebied | - | - | 1 | 1,42 | 6 | 2,84 |
| Metodiek van vak | - | - | 11 | 16,42 | 62 | 29,38 |
| Bestuurs-aange-leenthede | 14 | 77,36 | 25 | 37,31 | 7 | 3,32 |
| Sport | - | - | - | - | 10 | 4,74 |
| Kommunika-sie | 1 | 1,89 | 2 | 2,99 | 3 | 1,42 |

Uit tabel 5.15 blyk dit dat 123 (58,29%) onderwysers indiensopleiding in die vak wat hulle onderrig wil ontvang, terwyl 41 (77,36%) adjunk-hoofde aangedui het dat hulle indiensopleiding in bestuursaangeleenthede wil deurloop. Let daarop dat 28 (41,79%) departementshoofde aangedui het dat hulle indiensopleiding in die vak wat hulle onderrig, wil ontvang en 25 (37,31%) aangedui het hulle wil graag opleiding in bestuursaangeleenthede ondergaan.

Omdat skoolhoofde oor die algemeen nie meer voltyds in die klaskamer bedrywig is om klas te gee nie, is hulle respons by bogenoemde tabel buite rekening gelaat.

Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat indiensopleidingskursusse nodig is om die onderrigvaardighede van die onderwyser te ontwikkel omdat die onderwyser deur die indiensopleidingskursus op die hoogte van vernuwing in die onderwys kom, sy effektiwiteit in die klaskamer sodoende verhoog word en die beste onderrig aan die leerling die gevolg is (vergelyk paragrawe 1.2.5.2, 1.2.5.3 en 2.2). Wat uit die literatuurstudie geblyk het, word deur die respondente bevestig, naamlik dat indiensopleidingskursusse noodsaaklik vir die onderwyser is. Die onderwyser wat nog nie 'n bevorderingspos beklee nie, die minder ervare onderwyser, is veral op indiensopleidingskursusse ingestel. Samevattend gesien, het die onderwyser wat heeltyds en voltyds in die klaskamer staan, 'n behoefte aan indiensopleiding in die vak wat hy onderrig.

Die groot aantal onderwysers wat in 'n indiensopleidingskursus in bestuursaangeleenthede belangstel, is die meer senior onderwyser in jare ervaring. Dit is ook meestal mans wat etlike jare in die onderwys staan

en waarskynlik hulle oog op bevordering het. Dit wil voorkom asof dames weinig in hierdie bepaalde faset belangstel, waarskynlik omdat hulle nie aspirasies koester om bestuursposte te beklee nie.

Omdat onderwysers aangedui het dat hulle in die vak wat hulle onderrig opleiding wil ontvang, kan die afleiding gemaak word dat skoolhoofde aan hierdie behoefte aan verdere opleiding van die onderwyser om sy onderrigvaardighede te verbeter, moet voorsien.

5.3.4 Die gebruik van onderwysmedia (vraag 12)

Omdat onderwysmedia in die onderwys al hoe belangriker word (vergelyk paragraaf 4.6), was die doel met hierdie vraag om die houding van die respondente ten opsigte van die gebruik van onderwysmedia vas te stel. Die resultate van die vraag word in tabel 5.16 weergegee.

Tabel 5.16 Houding van respondente ten opsigte van die gebruik van onderwysmedia

| | Mans | % | Dames | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Baie noodsaaklik | 148 | 53,52 | 115 | 61,17 | 263 | 56,68 |
| Redelik noodsaaklik | 83 | 30,07 | 38 | 20,22 | 121 | 26,08 |
| Slegs 'n hulpmiddel | 44 | 15,94 | 35 | 18,62 | 79 | 77,03 |
| Geensins noodsaaklik | 1 | 0,36 | - | - | 1 | 0,21 |
| | 276 | 59,48 | 188 | 40,52 | 464 | 100 |

Uit tabel 5.16 blyk dit dat slegs 'n baie klein persentasie van die respondente (0,21%) onderwysmedia as geensins noodsaaklik beskou nie. Die grootste aantal respondente, te wete 384 (82,75%), beskou onderwyshulpmedia as redelik of baie noodsaaklik.

Die respondente bevestig wat in die literatuurstudie bevind is, naamlik dat onderwysers op die hoogte moet wees van ontwikkelinge op onderwystegnologiese gebied en dat moderne hulpmiddels ingrypende veranderinge ten opsigte van onderrigvaardighede teweeg bring (vergelyk paragraaf 3.2.4.3).

Een respondent het hierdie vraag nie beantwoord nie.

5.3.5 Die persoon by wie die respondente om hulp en raad aanklop (vraag 13)

Die doel met hierdie vraag was om te bepaal in watter lig die skoolhoof deur die personeel beskou word, veral ten opsigte van sy rol as raadgewer en vertroueling. Onderwysers raadpleeg die skoolhoof periodiek omdat hulle nie op die hoogte van sekere aangeleenthede is nie en omdat hulle begerig is om van 'n kundige te leer. Die resultate van die vraag word in tabel 5.17 weergegee.

Uit tabel 5.17 blyk dit dat skoolhoofde (121 of 90,98%) meestal by die superintendent om hulp gaan aanklop. Adjunk-hoofde (51 of 96,23%), departementshoofde (64 of 95,52%) en onderwysers (169 of 80,09%) wend hulle egter tot die skoolhoof om hulp en raad.

Die skoolhoof beklee dus 'n vertrouensposisie en word as raadgewer beskou. Uit die aard van die posisie wat die skoolhoof beklee, kan hy mense beïnvloed, inspireer en kan hy sake inisieer (vergelyk paragrawe 3.2.2, 3.2.4.2 en 3.2.4.5).

Een respondent het hierdie vraag nie beantwoord nie.

Tabel 5.17 By wie die respondente om hulp en raad aanklop

| | Skool hoof | % | Adjunk hoof | % | Depar te ments hoof | % | Onder wyser | % | To- taal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skoolhoof | 5 | 3,67 | 51 | 96,23 | 64 | 95,52 | 169 | 80,09 | 289 | 62,28 |
| Superin- tendent van onder wys | 121 | 90,98 | 2 | 3,77 | 3 | 9,48 | 2 | 0,95 | 128 | 89,87 |
| Ander on- derwysers | 7 | 5,26 | 0 | 0 | 0 | 0 | 40 | 18,96 | 47 | |
| Voorsit- ter van bestuurs- komitee | | | | | | | | | | |
| Totaal | 133 | 28,66 | 53 | 11,42 | 67 | 14,44 | 211 | 45,48 | 464 | 100 |

### 5.3.6 Die skoolhoof se taak om die personeel se onderrigvaardighede te ontwikkel (vraag 14)

Die doel met hierdie vraag was om vas te stel of die skoolhoof hom met die verbetering van die onderrigvaardighede van die personeel besig moet hou en homself nie met administratiewe take oorlaai nie, dit wil sê, homself nie slegs aan administratiewe take wy nie. Die resultate van die vraag word in tabel 5.18 weergegee.

Tabel 5.18 Respondente se mening oor of dit die taak van die skoolhoof is om die onderrigvaardighede van die personeel te ontwikkel

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 329 | 70,9 |
| Nee | 81 | 17,5 |
| Onseker | 54 | 11,6 |
| Totaal | 464 | 100 |

Uit tabel 5.18 blyk dit dat die groot meerderheid respondente, naamlik 329 (70,9%), die ontwikkeling van die onderrigvaardighede van die personeel as een van die belangrikste take van die skoolhoof beskou. Van die 133 skoolhoofde wat die vraelyste voltooi het, het 111 (83,46%) hierdie mening gehuldig. Slegs 81 (17,5%) respondente is die mening toegedaan dat die ontwikkeling van die onderrigvaardighede van die personeel nie 'n belangrike taak van die skoolhoof is nie.

Om die onderwyser se onderrigvaardighede te ontwikkel is van fundamentele belang vir die toekoms van die kind, want verfynde onderrig kan werkstevredenheid in die hand werk (vergelyk paragraaf 1.2.5.2). Die respondente bevestig wat in die literatuurstudie bevind is.

Een respondent het hierdie vraag nie beantwoord nie.

### 5.3.7 Die taak van die skoolhoof om sy personeel te inspireer om hulle onderrigvaardighede te verbeter (vraag 15)

Met hierdie vraag is direk op die taak van die skoolhoof ten opsigte van onderrigontwikkeling gefokus. Uit die respons wat ontvang is, kan die houding van die respondente bepaal word ten opsigte van die skoolhoof se taak in onderrigontwikkeling. Die resultate van die vraag word in tabel 5.19 weergegee.

Tabel 5.19 Respondente se mening oor of dit die taak van die skoolhoof is om as inspireerder tot verbetering van die onderrigvaardighede van die personeel op te tree

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 455 | 98,1 |
| Nee | 9 | 1,9 |
| Totaal | 464 | 100 |

Uit tabel 5.19 blyk dit dat die grootste aantal respondente, 455 (98,1%), van mening is dat die skoolhoof die personeel moet inspireer om hulle onderrigvaardighede te verbeter.

Die belangrikheid van die taak van die skoolhoof ten opsigte van onderrigontwikkeling word deur die respondente bevestig. Die respondente bevestig ook wat in die literatuurstudie bevind is, naamlik dat oneffektiewe onderwys 'n onreg teenoor die kind is en dit die plig van die skoolhoof is om die personeel te inspireer om hulle onderrigvaardighede te verbeter (vergelyk paragrawe 1.2.5.2 en 3.2.4.5).

Een respondent het hierdie vraag onbeantwoord gelaat.

5.3.8 Kontrole deur die skoolhoof om te verseker dat die beste onderrig aan die leerlinge gegee word (vraag 16)

Die doel met hierdie vraag was om te bepaal wat die respondente se houding is oor die stelling dat die skoolhoof voortdurend kontrole oor sy personeel moet uitoefen sodat die beste onderrig aan die leerlinge verseker kan word. In die literatuurstudie is bevind dat die skoolhoof 'n klimaat moet skep waar effektief gewerk kan word (vergelyk paragraaf 3.3.4.3) en nie dominerend of outokraties moet optree nie (vergelyk paragraaf 3.2.4.1). Voortdurende kontrole kan moontlik tot gevolg hê dat onderwysers die idee mag ontwikkel dat die skoolhoof nie vertroue in hulle stel nie. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 5.20 weergegee.

Tabel 5.20 Respondente se mening oor die kontrole wat die skoolhoof moet uitoefen om te verseker dat die beste onderrig aan die leerlinge gegee word

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Gereelde kontrole is nodig | 424 | 91,77 |
| Gereelde kontrole is nie nodig nie | 38 | 8,23 |
| Totaal | 462 | 100 |

Uit tabel 5.20 blyk dit dat die grootste persentasie respondente kontinue kontrole deur die skoolhoof noodsaaklik ag. Van die skoolhoofde was 127 (95,49%) en van die onderwysers 148 (87,62%) genoemde mening toegedaan.

Deur op kontinue wyse kontrole oor die personeel uit te oefen, kan die skoolhoof verseker dat effektiewe onderrig plaasvind. Die personeel verwag blykbaar dat die skoolhoof kontrole sal uitoefen sodat bepaal kan word of die beste onderrig aan die leerlinge gebied word. Die mening van die respondente bevestig wat in die literatuurstudie vasgestel is, naamlik dat die skoolhoof moet vasstel in welke mate in die doel met die onderrigleergebeure geslaag word (vergelyk paragraaf 3.2.5).

Drie respondente het hierdie vraag nie beantwoord nie.

### 5.3.9 Klasbesoek (vrae 17, 18, 20, 38, 41, 42 en 48)

Klasbesoek is een van die take wat aan die skoolhoof voorgeskryf is om uit te voer. Deur klasbesoek te doen, kan die skoolhoof sy personeel evalueer en terselfdertyd na die leerlinge in sy skool se welsyn omsien (vergelyk paragraaf 4.3). Die oogmerk met hierdie vrae was om die houding van die respondente ten opsigte van klasbesoek te bepaal. Die resultate van hierdie vrae word in tabelle 5.21 tot 5.27 weergegee.

Tabel 5.21 Die houding van respondente ten opsigte van klasbesoek (vraag 17)

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Klasbesoek is inspeksie | 64 | 13,79 |
| Klasbesoek is hulpverlenend | 400 | 86,21 |
| Totaal | 464 | 100 |

Uit tabel 5.21 blyk dit dat die meeste onderwysers (400 of 86,21%) die klasbesoek van die skoolhoof as hulpverlenend beskou en nie as inspeksie nie.

Een respondent het hierdie vraag nie beantwoord nie.

'n Beduidende aantal respondente het volgens tabel 5.22 aangedui dat 'n kollega, nie die skoolhoof nie, die klasbesoek moet doen, naamlik die dames (56,15%), respondente in die ouderdomsgroep 20-30 jaar (60,36%) en die onderwysers in die ervaringsgroep 0 tot 1 jaar (62,50%), 2 tot 4 jaar (62,30%) en 5 tot 10 jaar (52,17%)

Dit blyk verder dat die jonger en minder ervare onderwyser verkies dat 'n kollega, nie die skoolhoof nie, die klasbesoek doen, maar namate die

onderwysers ouer word, verkies al meer dat die skoolhoof die klasbesoek doen. Hierdie neiging kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die minder ervare onderwyser nog nie oor die selfvertroue beskik om met gemak voor die skoolhoof op te tree nie.

Tabel 5.22 Respondente se mening oor wie klasbesoek moet doen (vraag 18)

| | Skoolhoof | % | Personeellid | % | Komitee | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Manlik | 158 | 57,25 | 99 | 35,87 | 19 | 6,88 |
| Vroulik | 69 | 36,90 | 105 | 56,15 | 13 | 6,95 |
| 20-30 jaar | 34 | 30,63 | 67 | 60,36 | 10 | 9,01 |
| 31-40 jaar | 66 | 50,00 | 57 | 43,18 | 9 | 6,82 |
| 41-50 jaar | 86 | 58,11 | 55 | 37,16 | 7 | 4,73 |
| 51-60 jaar | 38 | 55,88 | 24 | 35,29 | 6 | 8,82 |
| ouer as 60 jaar | 3 | 75,00 | 1 | 25,00 | - | - |
| 0-1 jaar ervaring | 9 | 28,13 | 20 | 62,50 | 3 | 9,83 |
| 2-4 jaar ervaring | 18 | 29,15 | 38 | 62,30 | 5 | 8,50 |
| 5-10 jaar ervaring | 27 | 39,13 | 36 | 52,17 | 6 | 8,70 |
| 10-15 jaar ervaring | 38 | 51,35 | 33 | 44,59 | 3 | 4,05 |
| 15-30 jaar ervaring | 111 | 58,73 | 65 | 34,39 | 13 | 6,88 |
| meer as 30 jaar ervaring | 24 | 63,16 | 12 | 31,58 | 2 | 5,26 |

Tabel 5.23 Respondente se mening of onderwysers gewaarsku moet word alvorens klasbesoek gedoen gaan word (vraag 20)

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 281 | 60,69 |
| Nee | 182 | 39,31 |
| Totaal | 463 | 100 |

Uit tabel 5.23 blyk dit dat elk van die onderskeie groepe die mening toegedaan is dat die skoolhoof die onderwyser vooraf moet waarsku indien hy van plan is om klasbesoek af te lê.

Sewe respondente het hierdie vraag nie beantwoord nie.

Tabel 5.24 Respondente se houding oor klasbesoek deur kollegas (vraag 38)

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 335 | 72,35 |
| Nee | 128 | 27,65 |
| Totaal | 463 | 100 |

Uit tabel 5.24 is dit duidelik dat respondente aanvaar dat kollegas wat dieselfde vak as hulle onderrig, hulle klasse mag bywoon. Die laagste persentasie respondente (59,1%) wat van mening is dat 'n kollega genooi kan word om sy klas by te woon, is die respondente in die ouderdomsgroep 20 tot 30 jaar. Hierdie houding kan waarskynlik toegeskryf word aan 'n gebrek aan selfvertroue. Daar dien op gelet te word dat 60,37% van die respondente in genoemde groep van mening is dat 'n personeellid, en nie die skoolhoof nie, klasbesoek moet waarneem (vergelyk tabel 5.22). Namate die onderwyser ouer word, is respondente meer van mening dat 'n kollega wat dieselfde vak onderrig, genooi behoort te word om sy klasse by te woon. Om 'n kollega se klas by te woon impliseer nie noodwendig formele klasbesoek nie, maar dui op waarneming en hulpverlening aan een of albei die betrokkenes.

Twee respondente het hierdie vraag nie beantwoord nie.

Tabel 5.25 Respondente se mening of klasbesoek deur die skoolhoof noodsaaklik is (vraag 41)

| | Aantal | Persentasies |
|---|---|---|
| Ja | 391 | 84,45 |
| Nee | 72 | 15,55 |
| Totaal | 463 | 100 |

Tabel 5.25 toon dat die oorgrote meerderheid respondente van mening is dat klasbesoek deur die skoolhoof noodsaaklik is. Die meerderheid van elk van die onderskeie groepe is hierdie mening toegedaan.

Twee respondente het hierdie vraag nie beantwoord nie.

Tabel 5.26 Respondente se mening of klasbesoek leemtes in die onderrigmondering van die onderwyser aan die lig bring (vraag 42)

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 358 | 78,17 |
| Nee | 100 | 21,83 |
| Totaal | 458 | 100 |

Tabel 5.26 toon dat die oorgrote meerderheid respondente van mening is dat die klasbesoek wat die skoolhoof aflê, leemtes in die onderrigmondering van die onderwyser aan die lig bring. Die meerderheid in elke groep is die mening toegedaan.

Sewe respondente het hierdie vraag onbeantwoord gelaat.

Tabel 5.27 Respondente se ervaring van klasbesoek deur die skoolhoof (vraag 48)

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Angswekkend | 16 | 4,83 |
| Diskriminerend en subjektief | 13 | 3,93 |
| Betroubaar en geldig | 101 | 30,51 |
| Poging tot verbetering van die onderrigvaardighede | 201 | 60,73 |
| Totaal | 331 | 100 |

Tabel 5.27 toon dat die meerderheid respondente aandui dat die klasbesoek van die skoolhoof 'n poging ter verbetering van die onderrigvaardighede van die onderwyser is.

Dit blyk dus dat klasbesoek deur die skoolhoof as hulpverlenend beskou word en dat die meerderheid respondente die skoolhoof uitsonder as die persoon wat klasbesoek behoort te doen (vergelyk paragraaf 1.1). Die skoolhoof behoort die onderwyser te waarsku as hy van plan is om klasbesoek te doen. Klasbesoek is noodsaaklik omdat leemtes in die onderrigmondering van die onderwyser aan die lig gebring word en dit as 'n poging om hierdie leemtes te verbeter, beskou word. Dit word deur die

respondente aanvaar dat die skoolhoof 'n senior onderwyser as voog oor 'n junior onderwyser kan aanstel om hom te help om sy voete te vind.

Skoolhoofde se respons is by hierdie vraag nie in berekening gebring nie omdat aanvaar is dat hulle klasbesoek nie as angswekkend of diskriminerend sal beskou nie.

Vyf respondente het hierdie vraag nie beantwoord nie.

5.3.10 Die onderwyser behoort meer verantwoordelikheid te dra en minder gekontroleer te word (vraag 19)

Die oogmerk met hierdie vraag was om vas te stel wat die respondente se houding teenoor kontrole deur die skoolhoof is, en om te bepaal of verantwoordelikhede slegs aan die onderwyser toevertrou kan word sonder dat hy gekontroleer word. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 5.28 weergegee.

Tabel 5.28 Die mening van die respondente of onderwysers meer verantwoordelikheid moet hê en minder gekontroleer moet word

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 332 | 71,71 |
| Nee | 131 | 28,29 |
| Totaal | 463 | 100 |

Tabel 5.28 toon dat 323 respondente (71,7%) van mening is dat meer verantwoordelikheid aan die onderwyser toevertrou moet word.

Daar dien op gelet te word dat in tabel 5.20 aangedui is dat kontinue kontrole deur die skoolhoof moet plaasvind. Die skynbare anomalie tussen tabelle 5.20 en 5.28 kan waarskynlik verklaar word as in ag geneem word dat die respondente nie aangedui het dat géén kontrole deur die skoolhoof moet plaasvind nie. Kontinue en periodieke kontrole moet plaasvind.Deur verantwoordelikheid aan die onderwyser te verleen, is 'n aanduiding van groter vertroue wat in die onderwyser gestel word en sal die ideaal wat gestel word, naamlik om as 'n span saam te werk tot die bereiking van 'n gegewe doelwit, verwesenlik word (vergelyk paragraaf 3.2.4.2).

Twee respondente het hierdie vraag onbeantwoord gelaat.

### 5.3.11 Onderwysers verbonde aan sekondêre skole se sukses word gemeet aan die matriekuitslae wat sy leerlinge behaal (vraag 21)

Talle onderwysers verbonde aan sekondêre skole hou nie noodwendig vir die matrikulante skool nie. Die oogmerk met hierdie vraag was om te bepaal of die respondente die feit onderskryf dat 'n onderwyser se sukses as onderwyser gemeet word aan die sukses wat sy matrikulante behaal. Die skool is dikwels geneig om te streng te let op die stof wat geëksamineer gaan word en die onderwyser volg dikwels die handboek slaafs na sonder dat hy hom van die inhoud van die sillabus vergewis en oor sy lesaanbie-

ding besin (vergelyk paragraaf 3.2.4.3). Die resultate van hierdie vraag word in tabel 5.29 en 5.30 weergegee.

Tabel 5.29 Respondente se mening oor die meet van die onderwyser se sukses aan die matriekuitslae (groeperings) (Vraag 21)

| | Ja | % | Nee | % | Onseker | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Manlik | 154 | 54,87 | 105 | 37,91 | 20 | 7,22 |
| Vroulik | 79 | 42,25 | 93 | 49,73 | 15 | 8,02 |
| Afrikaanssprekend | 210 | 55,56 | 142 | 37,57 | 26 | 6,88 |
| Engelssprekend | 13 | 18,57 | 49 | 70,00 | 8 | 11,43 |
| Afrikaans- en Engelssprekend | 8 | 50,00 | 7 | 43,75 | 1 | 6,25 |
| 20-30 jaar | 46 | 41,44 | 59 | 53,15 | 6 | 5,41 |
| 31-40 jaar | 56 | 50,00 | 54 | 40,91 | 12 | 9,09 |
| 41-50 jaar | 73 | 48,99 | 65 | 43,62 | 11 | 7,38 |
| 51-60 jaar | 42 | 61,76 | 20 | 29,41 | 6 | 8,82 |
| ouer as 60 jaar | 4 | 100 | | | | |
| Hoof | 71 | 53,38 | 53 | 39,85 | 9 | 6,77 |
| Adjunk-hoof | 32 | 60,38 | 17 | 32,08 | 4 | 7,55 |
| Departementshoof | 37 | 55,22 | 28 | 41,79 | 2 | 2,99 |
| Onderwyser | 91 | 43,13 | 100 | 47,39 | 20 | 9,48 |

Tabel 5.30 Respondente se mening oor die meet van die onderwyser se sukses aan die matriekuitslae

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 231 | 49,79 |
| Nee | 198 | 42,67 |
| Onseker | 35 | 7,54 |
| Totaal | 464 | 100 |

Globaal gesien dui die meerderheid respondente (231 of 49,79%) aan dat die onderwyser se sukses gemeet word aan die uitslae wat die matrikulante vir wie hy skoolhou, behaal. Indien die aantal respondente bymekaar getel word wat nie met die stelling saamstem nie of onseker is, is hulle egter die meerderheid (233 of 50,2%).

Daar moet op gelet word dat bepaalde groepe die stelling nie onderskryf nie, byvoorbeeld Engelssprekende respondente (49 of 70,00%), respondente in die ouderdomsgroep 20 tot 30 jaar (59 of 53,15%), onderwysers wat geen bevorderingspos beklee nie (100 of 47,39%) en vroulike respondente (93 of 49,73%).

Talle onderwysers glo dus dat die onderwyser se sukses nie aan die matriekuitslae gemeet word nie. Dit kom voor asof dit veral die jonger onderwyser is wat hierdie mening huldig (vergelyk tabel 5.24).

Dit kom voor asof die respondente die mening toegedaan is dat die skool streng let op die leerstof wat geëksamineer word. Hierdie mening van die respondente kan waarskynlik verklaar word deur daarop te let dat die matriekuitslae 'n venster is waardeur die publiek die akademiese werk wat deur die skool verrig word, sien. Goeie uitslae wat die matrikulante behaal, is vir die publiek 'n bewys van goeie akademiese werk wat gedoen word. Daar moet op gelet word dat hoewel die prestasie wat die matrikulante behaal as bewys van effektiewe onderrig gesien kan word, dit nie noodwendig as sinoniem met effektiewe onderrig beskou kan word nie.

Een respondent het hierdie vraag nie beantwoord nie.

5.3.12 Verdere studie bevorder die professionele status van die onderwyser (vraag 22)

'n Kenmerk van 'n professionele persoon is dat die leek nie die taak wat verrig moet word, beter as die opgeleide kan verrig nie. Die opgeleide persoon beskik dus oor gespesialiseerde kennis.

Die doel met hierdie vraag was om die houding van die respondente te bepaal ten opsigte van verdere studie deur die onderwyser en of die respondente dink dat verdere studie die professionele status van die onderwyser beïnvloed. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 5.31 weergegee.

Tabel 5.31 Respondente se mening oor verdere studie as bevordering van die onderwyser se professionele status

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 406 | 87,69 |
| Nee | 57 | 12,31 |
| Totaal | 463 | 100 |

Tabel 5.31 toon dat die meeste respondente van mening is dat verdere studie die professionele status van die onderwyser bevorder.

Daar dien op gelet te word dat 296 (89,7%) van die adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers van mening was dat verdere studie die professionele status van die onderwyser bevorder.

Twee respondente het hierdie vraag onbeantwoord gelaat.

5.3.13 Die skoolhoof moet toesien dat die onderrigvaardighede van die personeel voortdurend ontwikkel word (vraag 23)

Die oogmerk met hierdie vraag was om te bepaal wat die mening van die respondente is oor die verbetering van die onderwyser se onderrigvaardig-

hede en of die skoolhoof 'n rol te speel het in die verbetering van die onderrigvaardighede van die personeel. Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat die onderwyser wat sy onderrigvaardighede nie verbeter nie, stagneer (vergelyk paragraaf 1.3.2). Die bemeestering van besondere vaardighede word van die onderwyser verwag en doeltreffende onderrig dra by tot die optimalisering van die kind se ontwikkeling (vergelyk paragrawe 2.2 en 2.6). Resultate van die vraag word in tabel 5.32 weergegee.

Tabel 5.32 Respondente se mening oor die toesig van die skoolhoof oor die voortdurende ontwikkeling van die onderwyser se onderrigvaardighede

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 415 | 89,44 |
| Nee | 49 | 10,56 |
| Totaal | 464 | 100 |

Tabel 5.32 toon dat die meerderheid respondente bevestig wat uit die literatuurstudie geblyk het, naamlik dat die skoolhoof moet toesien dat die personeel se onderrigvaardighede voortdurend deur middel van onderrigsimposia verbeter word.

Een respondent het hierdie vraag nie beantwoord nie.

### 5.3.14 Geleentheid vir die onderwyser om sy onderrigvaardighede te ontwikkel (vraag 24)

Die oogmerk met hierdie vraag was om vas te stel wat die respondente se mening is oor die geleentheid wat die onderwyser het om sy onderwysvaardighede te verbeter. Uit die literatuurstudie het die geblyk dat die onderwyser sy onderrig moet verfyn en ontwikkel, dat hy sekere vaardighede moet bemeester en dat dit van fundamentele belang vir die toekoms van die kind is dat onderrigontwikkeling wel plaasvind (vergelyk paragrawe 1.2.5.2 en 2.6). Die resultate van hierdie vraag word in tabel 5.33 weergegee.

Tabel 5.33 Respondente se mening oor of onderwysers die geleentheid het om hul onderrigvaardighede te ontwikkel

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 304 | 65,66 |
| Nee | 159 | 34,34 |
| Totaal | 463 | 100 |

Uit tabel 5.33 blyk dit dat die meerderheid respondente die mening

uitspreek dat daar geleentheid is om hul onderrigvaardighede te ontwikkel. Dit blyk dat die respondente bewus is van die feit dat die onderrigvaardighede van die onderwyser voortdurend moet ontwikkel.

Twee respondente het hierdie vraag onbeantwoord gelaat.

5.3.15 Van wie nuwe idees met betrekking tot onderrigontwikkeling verkry word (vraag 25)

Die skoolhoof moet op die hoogte wees van die nuutste ontwikkelings op die onderwysterrein en die vernuwings moet pertinent onder die aandag van sy personeel gebring word (vergelyk paragraaf 1.2.5.2). Die oogmerk met hierdie vraag was om vas te stel of skoolhoofde wel in die praktyk vernuwings in die onderwys onder die aandag van die personeel bring en indien nie, vanwaar die vernuwingsidees afkomstig is. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 5.34 weergegee.

Uit tabel 5.34 blyk dit dat respondente van mening is dat wat nuwe idees in verband met onderrigontwikkeling betref, die skoolhoof 'n onbeduidende rol speel. Slegs 35 (7,56%) van die totale aantal respondente het aangedui dat hulle nuwe idees betreffende onderrigontwikkeling van die skoolhoof ontvang. Daar moet op gelet word dat skoolhoofde 28,59% van die totale respondente verteenwoordig en 40,15% van hulle beweer hulle ontvang nuwe idees ten opsigte van onderrigontwikkeling van die superintendent van onderwys. Die meerderheid respondente het aangedui dat hulle nuwe idees in verband met onderrigontwikkeling deur middel

van indiensopleidingsprogramme ontvang. Dit is dus die taak van die skoolhoof om indiensopleidingsprogramme pertinent onder die aandag van die onderwysers te bring en hy moet daarop aandring dat genoemde programme bygewoon word.

Indiensopleidingsprogramme vervul 'n belangrike rol om nuwe idees ten opsigte van onderrigontwikkeling onder die aandag van die onderwyser te bring.

Tabel 5.34 Respondente se mening oor van wie nuwe idees met betrekking tot onderrigontwikkeling verkry word

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Departementshoof | 74 | 15,98 |
| Skoolhoof | 35 | 7,56 |
| Superintendent van onderwys | 71 | 15,33 |
| Ander onderwysers | 52 | 11,23 |
| Indiensopleidingsprogramme | 158 | 34,13 |
| Boeke en tydskrifte | 73 | 15,77 |
| Totaal | 463 | 100 |

Twee respondente het hierdie vraag nie beantwoord nie.

### 5.3.16 Vakvergaderings (vrae 26, 27, 30 en 31)

Die skoolhoof het 'n belangrike rol te speel as onder meer beplanner, organiseerder, leidinggewer en beheeruitoefenaar (vergelyk paragrawe 3.2.2, 3.2.4 en 3.2.5). Die skoolhoof is ook die spanleier (vergelyk paragraaf 3.2.4.4) wat die onderrig in die skool moet koördineer. Hy moet toelaat dat die personeel op vak-, departementele en personeelvergaderings betrokke raak by die besluitnemingsproses asook in die beplanning om dit wat besluit is, ten uitvoer te bring (vergelyk paragrawe 4.2.1 tot 4.2.4).

Die oogmerk met die vrae oor vakvergaderings was om vas te stel of vakvergaderings in die praktyk voldoende is om in die behoefte aan onderrigontwikkeling te voldoen, of skoolhoofde vakvergaderings moet bywoon en of skoolhoofde op vakvergaderings leiding moet gee in verband met onderrigontwikkeling. Die resultate van hierdie vrae word in tabel 5.35 tot 5.38 weergegee.

Dit blyk uit tabel 5.35. dat die meerderheid respondente (364 of 78,45%) van mening is dat die hou van vakvergaderings nie voldoende geleentheid aan die behoefte aan onderrigontwikkeling bied nie.

Een respondent het hierdie vraag nie beantwoord nie.

Tabel 5.35 Respondente se mening oor of vakvergaderings voldoende is om in die behoefte aan onderrigontwikkeling te voldoen (vraag 26)

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 100 | 21,55 |
| Nee | 364 | 78,45 |
| Totaal | 464 | 100 |

Tabel 5.36 Respondente se mening oor hoe dikwels vakvergaderings gehou behoort te word (vraag 27)

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Tweeweekliks | 66 | 14,19 |
| Maandeliks | 216 | 46,45 |
| Een keer per termyn | 164 | 35,27 |
| Slegs aan die begin van die jaar | 7 | 1,51 |
| Nie nodig nie | 12 | 2,58 |
| Totaal | 465 | 100 |

Dit blyk uit tabel 5.36 dat die meerderheid respondente (216 of 46,45%) van mening is dat vakvergaderings maandeliks gehou moet word.

Tabel 5.37 Respondente se mening oor of die skoolhoof alle vakvergaderings moet bywoon (vraag 30)

| Skoolhoofde moet vakvergaderings bywoon | | |
|---|---|---|
| | Aantal | Persentasie |
| Ja | 64 | 13,88 |
| Nee | 397 | 86,12 |
| Periodiek | - | - |
| Totaal | 461 | 100 |

Dit blyk uit tabel 5.37 dat die meerderheid respondente 397 (86,12%) die mening toegedaan is dat skoolhoofde nie vakvergaderings hoef by te woon nie. Uit die literatuurstudie het geblyk dat skoolhoofde vakvergaderings soveel kere as moontlik moet bywoon (vergelyk paragraaf 4.2.3).

Vier respondente het hierdie vraag onbeantwoord gelaat.

Tabel 5.38 Respondente se mening oor die leiding wat skoolhoofde op vakvergaderings moet neem (vraag 31)

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Moet leiding neem | 50 | 10,8 |
| Moet nie leiding neem nie | 95 | 20,52 |
| Moet periodiek leiding neem | 318 | 68,68 |
| Totaal | 463 | 100 |

Die meerderheid respondente (318 of 68,68%) is van mening dat skoolhoofde periodiek vakvergaderings moet bywoon ten einde leiding in onderrigontwikkeling te gee.

Twee respondente het hierdie vraag nie beantwoord nie.

Deur slegs vakvergaderings te hou, blyk dus nie voldoende te wees om aan die behoefte aan onderrigontwikkeling te voldoen nie. Die respondente verwag ook nie dat die skoolhoof 'n prominente rol in vakvergaderings moet speel nie. Skoolhoofde se bydrae deur middel van vakvergaderings om die onderrigvaardighede van die onderwyser te verbeter, word deur die respondente nie as van wesenlike belang beskou nie. Daar kan ook afgelei

word dat die skoolhoof nie 'n groot bydrae lewer deur middel van die vakvergaderings om onderrigvaardighede van die personeel te verbeter nie. Die bevinding uit tabel 5.34, naamlik dat nuwe idees in verband met onderrigontwikkeling nie van die skoolhoof afkomstig is nie, maar uit indiensopleidingskursusse verkry word, hou waarskynlik verband hiermee.

Die feit dat 68,68% (318) respondente wel aangetoon het dat die skoolhoof periodiek leiding met betrekking tot onderrigontwikkeling op vakvergaderings moet neem, is 'n aanduiding dat die skoolhoof wel 'n rol op vakvergaderings ten opsigte van onderrigontwikkeling te speel het.

5.3.17 Lesvoorbereiding (vrae 28, 29, 36 en 37)

Lesvoorbereiding is 'n intellektuele inspanning wat op verbeterde onderrigpraktyk moet uitloop. Die skoolhoof is verantwoordelik daarvoor dat lesse wat aangebied word, didakties-opvoedkundig verantwoordbaar is en dat die onderwyser voldoende tyd tot sy beskikking het om sy lesse deeglik voor te berei (vergelyk paragraaf 1.2.5.2). Die oogmerk met hierdie vrae was om vas te stel wat die respondente se houding ten opsigte van lesvoorbereiding is.

Tabel 5.39 Houding van die respondente ten opsigte van lesvoorbereiding (vrae 28, 29, 36 en 37)

| | Ja | % | Nee | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Dis noodsaaklik om oor elke les te besin (Vraag 28) | 408 | 87,53 | 58 | 12,47 | 465 | 100 |
| Die skoolhoof moet toesien dat elke les deeglik voorberei word (Vraag 29) | 133 | 28,6 | 332 | 71,4 | 465 | 100 |
| Onderwysers het voldoende geleentheid om lesse voor te berei (Vraag 36) | 274 | 58,92 | 191 | 41,08 | 465 | 100 |
| Elke les behoort 'n modelles te wees (Vraag 37) | 297 | 63,87 | 168 | 36,13 | 465 | 100 |

Uit tabel 5.39 blyk dit dat die meerderheid respondente (407 of 87,53%)

van mening is dat deeglike besinning oor elke les wat aangebied gaan word, noodsaaklik is.

Dit is egter volgens 332 (71,4%) respondente nie vir die skoolhoof noodsaaklik om toe te sien dat elke onderwyser deeglik voorbereid in die klaskamer kom nie. Daar word wel geïmpliseer dat elke onderwyser veronderstel is en die opdrag van die skoolhoof het om voorbereid voor sy klas te staan. Indien aanvaar word dat die skoolhoof se toesig oor die onderwyser om deeglik voorbereid in die klas te kom, gelyk gestel kan word aan kontrole oor die onderwyser, stem die bevinding nie ooreen met wat in tabel 5.28 bevind is nie, naamlik dat die skoolhoof minder kontrole oor die onderwyser moet uitoefen. Die bevinding van tabel 5.37 (vraag 29) stem egter ooreen met die bevinding in tabel 5.28 waar vasgestel is dat die skoolhoof minder kontrole oor die personeel moet uitoefen en meer verantwoordelikheid aan hulle moet oorlaat. Die verskil in uitsprake kan waarskynlik verklaar word indien aanvaar word dat die skoolhoof se toesig oor elke les van die onderwyser vir die respondente geïmpliseer het dat lesse skriftelik aan die skoolhoof voorgelê moet word; dit word nie as noodsaaklik beskou nie. Die respondente is van mening dat deeglike besinning oor elke les wat aangebied word, noodsaaklik is en dit bevestig wat in die literatuurstudie bevind is, naamlik dat doeltreffende onderrig die optimalisering van die kind se ontwikkeling deur die opdoen van sinvolle leerervarings tot gevolg sal hê.

Die meerderheid respondente (274 of 58,92%) spreek die mening uit dat

hulle voldoende geleentheid het om hulle lesse voor te berei. Dit dien daarop gelet te word dat die meerderheid in die ouderdomsgroep 31 tot 40 jaar (68 of 51,91%) verklaar het dat hulle nie voldoende tyd vir voorbereiding het nie, asook die meerderheid (38 of 55,88%) in die onderwyservaringsgroep 5 tot 10 jaar. Hierdie uitspraak kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat genoemde groepe al hoe meer verantwoordelikhede op hulle skouers neem ten einde 'n sukses van die onderwysberoep in geheel te maak. Aan hierdie groep leerkragte word normaalweg heelwat administratiewe take en buitemuurse verpligtinge toevertrou.

Die meerderheid respondente (297 of 63,87%) dui ook aan dat elke les 'n modelles behoort te wees. Die uitspraak korreleer met wat uit die literatuurstudie blyk, naamlik dat effektiewe onderrig in die skool en die optimale ontwikkeling van die leerlinge grootliks deur die effektiwiteit van die personeel van die skool bepaal word (vergelyk paragraaf 1.2.5.2).

Dit blyk dat onderwysers voldoende tyd gegun word om hulself vir die lesse voor te berei en dat elke les wat aangebied word, 'n modelles behoort te wees.

5.3.18 Die skoolhoof as vernuwingstrateeg (vraag 32)

Die oogmerk met hierdie vraag was om te bepaal of die skoolhoof 'n leidende rol te speel het om vernuwing onder die aandag van die personeel te bring. Uit die gegewens wat bekom word, kan bepaal word in watter

mate die skoolhoof vernuwing in die skool kan implementeer ten einde stagnasie te voorkom. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 5.40 weergegee.

Tabel 5.40 Die respondente se mening oor die skoolhoof as vernuwingstrateeg

| | Skool hoof | % | Adjunk hoof | % | Depar te ments hoof | % | Onder wyser | % | To taal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Stem heel-hartig saam | 36 | 27,07 | 11 | 20,76 | 16 | 25,53 | 43 | 20,38 | 106 | 22,8 |
| Stem saam | 63 | 47,37 | 21 | 39,62 | 27 | 39,71 | 110 | 52,13 | 221 | 47,53 |
| Stem in 'n geringe mate saam | 34 | 25,56 | 21 | 39,62 | 22 | 32,35 | 55 | 26,07 | 132 | 28,39 |
| Stem glad nie saam nie | - | - | - | - | 3 | 4,41 | 3 | 1,42 | 6 | 1,29 |
| Totaal | 133 | 100 | 53 | 100 | 68 | 100 | 211 | 100 | 465 | 100 |

Uit tabel 5.40 blyk dit dat slegs 6 (1,29%) van die respondente van mening is dat die skoolhoof nie 'n vernuwingstrateeg moet wees nie. Dit impliseer dat van die skoolhoof verwag word om op die hoogte van vernuwingstrategieë in die onderwys te wees en dat hy vernuwingsgedagtes onder die aandag van die personeel moet bring.

5.3.19 Personeelontwikkelingsprogramme (vrae 33, 34, 35)

Deur die onderwysmondering van die onderwyser te verbeter, kan effektiewe leer bevorder word (vergelyk paragrawe 2.2 en 2.6). Die oogmerk met hierdie vrae was om te bepaal of die praktiserende onderwysers aan sekondêre skole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement hierdie stelling onderskryf, asook watter rol die skoolhoof in personeelontwikkeling te speel het. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 5.41 weergegee.

Uit tabel 5.41 blyk dit dat 464 (99,78)%) van die respondente van mening is dat die personeelontwikkelingsprogramme in skole se primêre doel die ontwikkeling van die vaardighede van die onderwyser moet wees om effektiewe leer te bevorder.

Tabel 5.41 Die respondente se houding teenoor personeelontwikkelingsprogramme (vraag 33)

| | Skoolhoof | % | Adjunkhoof | % | Departementshoof | % | Onderwyser | % | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Stem heelhartig saam | 87 | 65,41 | 27 | 50,95 | 39 | 57,35 | 109 | 51,66 | 262 | 56,34 |
| Stem saam | 44 | 33,08 | 21 | 39,62 | 26 | 38,24 | 98 | 46,44 | 189 | 40,65 |
| Stem in geringe mate saam | 2 | 1,51 | 5 | 9,43 | 2 | 2,94 | 4 | 1,90 | 13 | 2,80 |
| Stem glad nie saam nie | - | - | - | - | 1 | 1,47 | - | - | 1 | 0,21 |
| Moet volle verantwoordelikheid aanvaar | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | 133 | | 53 | | 68 | | 211 | | 465 | |

Tabel 5.42 Die respondente se mening oor die aandeel wat die skoolhoof in personeelontwikkelingsprogramme behoort te hê (vraag 34)

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Stem heelhartig saam | 233 | 50,11 |
| Stem saam | 204 | 43,87 |
| Stem in geringe mate saam | 18 | 3,87 |
| Stem glad nie saam nie | 2 | 0,43 |
| Moet ten volle verantwoordelikheid aanvaar | 8 | 1,72 |
| Totaal | 465 | 100 |

Tabel 5.42 toon dat 8 (1,72%) van die respondente aandui dat die skoolhoof volle verantwoordelikheid vir personeelontwikkelingsprogramme moet aanvaar. Die meerderheid respondente (233 of 50,11%) stem heelhartig saam dat die skoolhoof 'n aandeel in genoemde programme behoort te hê, terwyl 204 (43,87%) saamstem en 18 (3,87%) in 'n geringe mate saamstem. 'n Onbeduidende 2 (0,43%) respondente dink nie die skoolhoof behoort 'n aandeel in personeelontwikkelingsprogramme te hê nie. Let daarop dat 8 (1,72%) van die respondente die mening toegedaan is dat die skoolhoof volle verantwoordelikheid vir personeelontwik-

lingsprogramme moet aanvaar. Dit blyk dus dat 455 (97,84%) respondente van mening is dat die skoolhoof wel 'n rol te speel het in personeelontwikkelingsprogramme.

Tabel 5.43 Die respondente se houding ten opsigte van die skoolhoof se aandeel rakende personeelopleiding gemeet aan sy ander take (vraag 35)

| | Skool-hoof | % | Adjunk hoof | % | Departe ments hoof | % | Onder wyser | % | To-taal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Stem heel hartig saam | 7 | 6,26 | 4 | 7,69 | 5 | 7,35 | 9 | 4,29 | 25 | 5,4 |
| Stem saam | 17 | 12,78 | 5 | 9,61 | 14 | 20,59 | 24 | 11,43 | 60 | 12,96 |
| Stem in geringe mate saam | 55 | 41,35 | 18 | 34,62 | 20 | 29,41 | 73 | 34,76 | 166 | 35,85 |
| Stem glad nie saam nie | 54 | 40,61 | 25 | 48,08 | 29 | 42,65 | 164 | 49,52 | 212 | 45,79 |
| Totaal | 133 | | 52 | | 68 | | 210 | | 463 | |

Globaal gesien blyk dit uit tabel 5.43 dat die meerderheid respondente nie dink dat die skoolhoof hom slegs met sake rakende personeelopleiding besig moet hou nie (212 of 45,79%). Wanneer die eerste drie afleiers saamgevoeg word, wat beteken dat die skoolhoof hom wel op een of ander wyse met personeelopleiding moet besig hou, blyk dit dat 251 (54,21%) van die respondente die stelling onderskryf. Daar word dus veel meer van die skoolhoof verwag as slegs personeelopleiding. Hier moet gemeld word dat "ander aangeleenthede" sake soos onderhoude met ouers, sportreëlings, onderhoude met leerlinge, gesprekke met die publiek oor terreinontwikkeling en sake wat nie betrekking op onderrigontwikkeling het nie, impliseer.

Daar dien op gelet word dat 50,27% dames, 62,32% Engelssprekende respondente en 57,35% van die respondente in die onderwysgroep 5 tot 10 jaar van mening is dat die skoolhoof hom geensins met personeelopleiding moet besig hou nie.

### 5.3.20 Die opvoedkundige verantwoordbaarheid van die lesse wat aangebied word (vrae 39 en 40)

Die oogmerk met hierdie vrae was om vas te stel of die najaag van goeie akademiese uitslae die oorheersende doelwit van die onderrig is. Daar moet ook vasgestel word of die lesaanbieding van die onderwyser didakties-opvoedkundig verantwoordbaar is en of die skoolhoof 'n rol te speel het in hierdie verband. Die resultate word in tabelle 5.44 en 5.45 weergegee.

Tabel 5.44 Die respondente se mening teenoor die didakties-opvoedkundige verantwoordbaarheid van die lesaanbieding (vraag 39)

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Opvoedkundig verantwoordbaar | 392 | 84,67 |
| Minder verantwoordbaar | 39 | 8,42 |
| Gaan om die behaal van goeie akademiese uitslae | 32 | 6,91 |
| Totaal | 463 | 100 |

Uit tabel 5.44 blyk dit dat slegs 32 of 6,91% van die respondente van mening is dat dit in die klaskamer suiwer gaan om die behaal van goeie akademiese uitslae, terwyl 431 (93,09%) respondente die mening gelug het dat wat in die klaskamer gedoen word, ten volle opvoedkundig verantwoordbaar is.

Twee respondente het hierdie vraag nie beantwoord nie.

Tabel 5.45 Wat die skoolhoof van die onderwyser in die klaskamer verwag, is opvoedkundig verantwoordbaar (vraag 40)

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 439 | 96,27 |
| Nee | 17 | 3,73 |
| Totaal | 456 | 100 |

Die oorgrote meerderheid (439 of 96,27%) respondente is ook van mening dat wat die skoolhoof van die onderwyser in die klaskamer verwag, didakties-opvoedkundig verantwoordbaar is.

Skoolhoofde en onderwysers jaag dus nie ten alle koste goeie akademiese uitslae na nie. Vergelyk paragraaf 5.3.11 waar tot dieselfde gevolgtrekking gekom is. Goeie onderrig wat tot die volle voordeel van die kind strek, geniet voorrang.

Nege respondente het hier vraag onbeantwoord gelaat.

5.3.21 Die bespreking van verslae oor die onderwyser se klaswerk om onderrigvaardighede te verbeter (vraag 43)

Met hierdie vraag was die oogmerk om vas te stel of die verslae wat oor die onderwyser na die hoof, departementshoof en vakhoof se klasbesoek geskryf word, produktief aangewend kan word deur middel van bespreking om die onderwyser se onderrigvaardighede te verbeter. Die resultate word in tabel 5.46 weergegee.

Tabel 5.46 Respodente se mening oor die bespreking van klaswerkverslae met die onderwyser

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 407 | 87,9 |
| Nee | 56 | 12,1 |
| Totaal | 463 | 100 |

Uit tabel 5.46 blyk dit dat 407 (87,9%) respondente van mening is dat alle verslae wat deur die skoolhoof, departementshoof of vakhoof oor 'n onderwyser geskryf is deur die skoolhoof met die betrokke onderwyser met

die oog op verbetering van die onderrigvaardighede bespreek moet word. Slegs 56 (12,1%) respondente was nie hierdie mening toegedaan nie. Van die 56 respondente wat negatief op hierdie vraag gereageer het, was 12 (9,09%) skoolhoofde, 5 (9,43%) adjunkhoofde, 14 (20,90%) departementshoofde en 25 (11,85%) onderwysers.

5.3.22 Samesprekings tussen die skoolhoof en individuele onderwysers oor onderrigvaardighede. (vraag 45)[1]

Dit is nodig om te bepaal of die respondente van mening is dat samesprekings tussen individuele onderwysers en die skoolhoof noodsaaklik is sodat onderrigontwikkeling kan plaasvind. Die resultate van hierdie vraag word weergegee in tabel 5.47.

Dit blyk uit tabel 5.47 dat 391 (84,45%) van die respondente die mening toegedaan is dat samesprekings tussen die skoolhoof en individuele onderwysers oor onderrigvaardighede noodsaaklik is. Van die respondente wat negatief op die vraag gereageer het, is 3 (2,25%) skoolhoofde, terwyl 56 (26,54%) van die onderwysers ook negatief gereageer het. Van die 56 was 52 (27,81%) dames en 54 (14,32%) Afrikaanssprekendes.

1) Daar dien op gelet te word dat vraag 44 nie bespreek is nie omdat dit nie as relevant beskou word nie.

Tabel 5.47 Mening van die respondente oor samesprekings tussen die skoolhoof en individuele onderwysers

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 391 | 84,45 |
| Nee | 72 | 15,55 |
| Totaal | 463 | 100 |

Die respondente bevestig wat in die literatuurstudie na vore gekom het, naamlik, dat samesprekings tussen die skoolhoof en onderwyser in verband met onderrigontwikkeling noodsaaklik is (vergelyk paragraaf 4.5).

Twee respondente het hierdie vraag onbeantwoord gelaat.

### 5.3.23 Die skoolhoof se taak ten opsigte van die bepaling van leemtes in die onderrigvaardighede van die onderwyser en strategieë ter verbetering daarvan (vraag 46)

Die doel met hierdie vraag was om te bepaal of respondente van mening is dat dit vir die skoolhoof noodsaaklik is om die leemtes in die onderrigmondering van die onderwyser te bepaal alvorens strategieë beplan word om verbetering in die onderrigvaardighede van die onderwyser te weeg te

bring. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 5.48 weergegee.

Tabel 5.48 Mening van die respondente oor die skoolhoof se taak ten opsigte van die bepaling van leemtes in die onderrigvaardighede van die onderwyser

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 372 | 80,35 |
| Nee | 91 | 19,65 |
| Totaal | 463 | 100 |

Uit tabel 5.48 blyk dit dat die meerderheid respondente 372 (80,35%) die mening huldig dat die skoolhoof eers die leemtes in die onderwyser se onderrigmondering moet vasstel alvorens strategieë ter verbetering beplan word.

Die respondente beaam wat in die literatuurstudie bevind is, naamlik dat die skoolhoof strategieë ter verbetering van onderrigvaardighede van die onderwyser moet skep (vergelyk paragraaf 2.2).

Twee respondente het hierdie vraag nie beantwoord nie.

5.3.24 Die wen van vertroue deur die skoolhoof voordat die onderrigvaardighede van die onderwyser verbeter kan word (vraag 47)

Die skoolhoof moet goeie menseverhoudinge in die skool bewerkstellig; daar moet 'n klimaat geskep word wat tot produktiwiteit en lojaliteit kan lei, 'n klimaat waar daar nie vrees bestaan nie. Die skoolhoof moet dus 'n vertrouensverhouding met sy personeel bewerkstellig, 'n verhouding wat op wedersydse respek gebaseer is (verglyk paragraaf 3.2.4.1).

Dit is noodsaaklik om te bepaal of die respondente hierdie stelling onderskryf. Die resultate word in tabel 5.49 weergegee.

Tabel 5.49 Die respondente se mening oor die wen van vertroue van die onderwyser deur die skoolhoof

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 389 | 84,01 |
| Nee | 74 | 15,99 |
| Totaal | 463 | 100 |

Uit tabel 5.49 blyk dit dat die meerderheid respondente (389 of 84,01%) die mening toegedaan is dat die skoolhoof eers 'n vertrouensverhouding tussen hom en die personeel moet skep alvorens onderrigontwikkeling kan plaasvind.

Die respondente plaas 'n hoë premie op die vertrouensverhouding wat tussen die skoolhoof en die personeel bestaan (vergelyk die bevindings in paragrawe 5.3.5 en 5.3.9 asook in tabel 5.24) wat genoemde bevinding onderskryf.

Twee respondente het hierdie vraag onbeantwoord gelaat.

5.3.25 Die verband tussen die bewusmaking van prestasie-erkenning en die verbetering van onderrigvaardighede (vraag 49)

Die oogmerk met hierdie vraag was om vas te stel of die onderwyser wat daarvan bewus is dat hy vir prestasie-erkenning in aanmerking gaan kom, geïnspireer word om sy onderrigvaarrdighede te verbeter. Die resultate van hierdie vraag word in tabel 5.50 weergegee.

Uit tabel 5.50 blyk dit dat die meerderheid respondente (419 of 90,5%) te kenne gee dat die onderwyser wat daarvan bewus is dat hy moontlik prestasie-erkenning gaan ontvang, geïnspireerd is om sy onderrigvaardighede te verbeter. Die skoolhoof wat dus aan sekere personeellede laat blyk dat hulle moontlik perstasie-erkenning gaan ontvang, is besig om die onderrigvaardighede van die onderwyser subtiel te verbeter, omdat die

onderwyser dan, volgens die respondente, geïnspireer word om sy onderrig te verbeter. Die onderwyser wat bewus is van die feit dat hy moontlik prestasie-erkenning gaan ontvang, is ontvanklik vir onderrigontwikkeling.

Tabel 5.50 Die respondente se mening oor die verband tussen bewusmaking van prestasie-erkenning en verbetering van onderrigvaardighede

| | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 419 | 90,5 |
| Nee | 44 | 9,5 |
| Totaal | 463 | 100 |

## 5.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n indringende ondersoek na verskeie aspekte van die inisiëringstaak van die skoolhoof in onderrigontwikkeling onderneem. Die ondersoek het sowel Afrikaans- as Engelsmedium skole, seun- en meisie- skole, tegniese, landbou en Kuns- Musiek en Balletskole onder die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement betrek.

Die inligting wat deur die vraelyste bekom is, is met behulp van die rekenaar ontleed en die data is in verskillende tabelle (5.0 tot 5.51) weergegee. Afleidings is gemaak ten opsigte van die inisiëringstaak van die skoolhoof in die ontwikkeling van die onderrigvaardighede van die onderwyser.

Met die beskikbare inligting kan daar ten slotte gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.